Waterkruik

JAARGANG 55 NO 45 25 November AD 2018

DIENSBEURTE

Vandag: Wyk 25 & 26
Ouderlinge: Pieter du Plooy en Grandi Theunissen
Diaken: Jeane Oosthuizen

Volgende Sondag: Wyk 1 & 2
Ouderlinge: Corrie Skinner en Gerrit Broos
Diaken: Loutjie Coetzee

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Die res van hierdie jaar word die kollekte by die deure afgesonder vir die Kerkkas.

TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 6 wat o.l.v. Ansie Heymans tee en koffie bedien.
Volgende Sondag is dit die beurt van wyk 8 o.l.v. Hannie Kolhmeyer.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee."
2 Tessalonisense 3:16

Vandag

Sr. Anika le Roux	082 901 6167
Kaylin Keyser (2)	083 450 1975

Maandag 26 November

Sr. Carene v d Merwe 082 773 7829

Dinsdag 27 November
Br. Edward Engelbrecht 082 342 5182

Donderdag 29 November
Br. Jannie Erasmus (Gemsboklaan)
082 437 7188
Vrydag 30 November
Sr. Isabella du Plessis 082 801 2221

MEELEWING
Ons is saam met *br. Alwyn van der Walt* dankbaar dat hy sodanig herstel het dat hy tuis aansterk na sy rugoperasie. Ons bid jou en Marjan krag en sterkte toe vir elke dag. 084 515 4179

Br. Corrie Skinner is die afgelope week in sy huis aangeval en van sy selfoon beroof. Ons bid hom krag en sterkte toe om die trauma te verwerk. 082 494 0309

Ons is saam met *sr. Clarisse Venter* dankbaar dat sy so goed herstel het na die operasie wat sy ondergaan het om 'n kwaadaardige gewassie in haar bors te verwyder. Ons bid haar sterkte toe met die behandeling wat voorlê. Mag jy elke dag God se liefde en genade ervaar. 072 782 6937

JANNIE ERASMUS (Gemsboklaan) SÊ DANKIE
Ek wil graag hiermee vir almal baie dankie sê vir steun tydens my onlangse siekte en herstel. Dankie vir elke boodskap, elke navraag, elke besoek en elke gebed. Dit was alles verrassend en opbeurend.
Spesiale dankie aan Kittie en haar groepie wat op ' n kritieke tyd ons van etes voorsien het. Groot waardering.
Dankie vir dr Douw se besoeke en gebede wat my uit daai donkerte teruggebid het.
My grootste dank natuurlik aan ons Hemelse Vader, vir 'n kans op lewe.
Ek is lief vir julle almal.

"Die hemel en die aarde sal vergaan, maar U sal bly. Soos 'n kledingstuk verslyt, so sal alles vergaan, soos klere wat uitgedien raak, so sal U alles laat verdwyn. Maar U bly dieselfde, u jare het geen einde nie " (Psalm 102:27-28)

KERSPROGRAMFOTOS

Die Redaksie het gesorg dat 'n aantal fotos van Sondagaand 11 November se Kersfunksie, deur ons fotograaf Willie Coetzer, geneem word.
Hierdie fotos kan op ons webwerf besigtig word. Gaan kyk gerus; u is dalk op die internet!

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

Prof J Smit (Johannes) van die Teologiese Skool Potchefstroom na GK Lichtenburg.

Ds JC van Dyk (Jannes) van GK Ventersdorp na GK Durban-Noord.

KUIERKAFEE

Dinsdag, 27 November *open die Kuierkafee sy deure vir die laaste maal in 2018. Elize Breed, gaan ons een en ander interessanthede vertel oor hulle besoek aan* ***Hongarye****. Daarna gaan ons heerlik saam kuier.*

Jy is welkom, al was jy nog nooit daar nie!!

Enige probleem met vervoer, kontak An Venter 079 679 0002 of Rika le Roux 082 675 0979

HARTLIK GELUK

Hartlik geluk aan br. Juan Mienie wat die afgelope week ondervra is en beroepbaar gestel is. Ons bid hom en sy gesin die Here se seën toe op die koninkrykswerk wat hulle gaan doen. Hier volg 'n skrywe wat in die Kerkblad verskyn het

" Ek is in Uitenhage gebore, het in 'n pastorie opgegroei en in Port Elizabeth gematrikuleer. Ek was sedert 1998 tot 2016 in die bediening in 'n ander kerkverband, die Evangelies-Gereformeerde Kerk. Ons was hoofsaaklik in Port Elizabeth en Pretoria woonagtig. In hierdie tyd het ek my doktorsgraad in Sistematiese Teologie voltooi. As gevolg van my nagraadse studies het ek in aanraking gekom met die suiwer Calvinistiese leer. Hierdie blootstelling het 'n innerlike stryd by my ontketen oor baie aspekte van die geloofstradisie waarin ek gestaan het. Dit het daartoe gelei dat ek dit waarmee ek opgegroei het, van harte

oortuig was en verkondig het met tyd ernstig bevraagteken het. Daar was vir my een opsie oor: ek moes breek met Arminianisme in al sy vorme en die Bybelse leer van Gereformeerdheid, soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid, aanhang. Juan, Adéle en Johan.

Ek is aan die begin van 2017 opgeneem as lidmaat van GK Waterkloofrand en het aansoek gedoen vir beroepbaarstelling volgens artikel 9 van die Kerkorde.
Ek is sedert 1995 gelukkig getroud met Adéle. Tans werk sy as koshuismoeder, waar sy verantwoordelik is vir die uitwerk van spyskaarte en sorg dat daar kos op die tafel is vir studente. Sy is baie lief om allerhande handwerk te verrig. In 2003 is ons seun, Johan, gebore. Ons gesin bly tans in Pretoria waar Johan graad sewe voltooi het. Ons is baie lief vir die buitelewe en veral om te gaan kamp.
Ek dank die Here vir die Gereformeerde Kerke waarin ons 'n tuiste gevind het en ek en Adéle sien baie uit om te gaan dien waar die Here ons roep."

ONS GEMEENTE SE JAARPROGRAM 2019

Die Jaarprogram vir 2019 is by die kerkdeure beskikbaar (rooi buiteblaadjie).
Ons lig graag vir u enkele hoogtepunt in 2019 vir u uit.

Nagmaal op :
24 Februarie
26 Mei
25 Augustus
17 November



Belangrike sosiale aktiwiteite:
24 Februarie - Afskopfunksie
18 Mei - Gemeentefondsinsameling
26 Mei - "High Tea"
25 Augustus - Gemeente-ete
10 November - Kersprogram
17 November - Gemeentekuier

DIE BOEK VAN LOF (13)

Na al die vorige artikels oor die psalms kan dit nou uit 'n ander oogpunt gelees word.
Lees Psalm 1 en Psalm 150. Lees dit soos die begin en einde van 'n boek. Die eerste wat ons wys hoeveel seëninge die kinders van God het en die laaste wat wys hoe om God te loof en te prys.
Psalm 77 begin met 'n gebed en eindig met God se heiligheid en majesteit. Hierdie Psalm is 'n goeie voorbeeld van hoe die Psalms geskryf is.

Dank God dat jy jou diepste emosies aan Hom kan gee. As jy hartseer is, lees Psalm 13 en skryf jou eie pleidooi tot God. As jy juig, lees Psalm 30 en loof God dan in jou eie woorde.
Elke psalm vertel iets van die Here. Met elke psalm wat jy lees, kyk of jy kan sien wat God van homself daarin aan jou openbaar.

(uit Kruispad 42)

ALLERLEI

OMSTANDIGHEDE VIR CHRISTENE VERBETER

Tanzanië is die opvallendste voorbeeld van 'n land waarin omstandighede merkwaardig verbeter het. Volgens Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys (WWL) het die land die 33ste posisie behaal op die WWL van 2017 met 59 uit 100 punte. Vir die 2018 WWL het dit ses punte geval en nie die top 50 gehaal nie.
Die meerderheid van die mense in Tanzanië is Christene maar die persentasie Moslems groei. Veral die jonger Moslems is vatbaar vir 'radikale invloede' van groepe in naburige lande soos al-Shabaab (wat werksaam is in Somalië en Kenia).

KERSSANGAAND

Vanaand, 25 November 2018 om 18h30 vind 'n Kerssangdiens plaas by die Geref Kerk Kameeldrift saam met die baie bekende Kevin Leo! Almal welkom.

Roomys met vrugteslaai word na die diens bedien.

DEPUTATE JEUGSORG

Die Deputate Jeugsorg is opgewonde om hul Bybelplasingstoer na Malawi bekend te maak. Dié toer is van 23 Junie tot 4 Julie 2019. Meer inligting is beskikbaar by www.gkjeug.co.za.

WOLMER GEMEENSKAPSPROJEK

U ondersteuning vir die volgende behoeftes sal waardeer word:

- Kerskospakkies vir 196 families – Benodig dringend die volgende - 500g rys (18), 410g perskeskywe in stroop (196), jellie (18), 125g vlapoeier (18), "Bakers Tappers"-koekies (18), 50g soppoeier (196), 410g gebakte bone (18) en 410g geblikte ertjies(196) . Finansiële donasies welkom, gebruik asb "Kerskospakkie" as verwysing.

- Bederfbare en nie-bederfbare kos bv. blikkieskos, pasta, papmeel, groente en ander. Hulle het verkoelingsgeriewe.
- Finansiële donasies kwalifiseer vir 'n art 18A-belastingsertifikaat (op aanvraag).

U kan u skenking in ons kombuis laat.

NICKLE KERSMARK
24 November tot 9 Desember van 09:00 tot 18:00
Meer besonderhede www.nicklemarket.co.za

Vier Kersfees!

Die dae het verbygesnel
die somer, winter, beurt vir beurt -
die koue op die hitte vel,
en weer die somerdrag, gekleurd.

So pas het ons die Kers gevier,
geskenke, wense oorgedra,
of loer die feestyd al weer hier
en kom die Kerstyd aangeja.

Dis byna hier, die wonder dag,
en dink ons ooit vanwaar dit kom,
die fees wat ons elk jaar verwag?
Of het ons dit al klaar verkrom?



Gedenk ons nog God's mensword daad
en al wat daarby het gebeur
of het ons lank reeds dit versmaad
vir ons plesier - dis te betreur!

Want Hy die Heer het neergedaal
om hier as offer te kom sterf,
ons las te dra, ons skuld betaal -
vir ons die hemel te verwerf!

Joffie Janse van Rensburg

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.